Suid-Afrikaanse Woonwa-Assosiasie
SAWA

South African Caravan Association
SACA

GRONDWET

VAN DIE

SUID-AFRIKAANSE WOONWA-ASSOSIASIE

September 2019

GRONDWET VAN DIE SUID-AFRIKAANSE WOONWA-ASSOSIASIE

Inhoud

AKTE 1
1. NAAM 1
2. ADRES 1
3. AARD 1
4. DOELSTELLINGS 1
4.1. Algemeen 1
4.2. In besonder om: 1
5. DIE INKOMSTE VAN DIE ASSOSIASIE 2
6. AANSPREEKLIKHEID 2
7. BELANGE EN KONTRAKTE 2
8. BORGSTELLING 2
9. REG VAN TOEGANG 2
10. ONTBINDING 2
STATUTE. 3
1. LIDMAATSKAP 3
1.1. Lede 3
1.2. Erelede en beskermhere 3
1.3. Aansluiting as lede 3
1.4. Intreegeld 3
1.5. Ledegeld 4
1.6. Geregistreerde adresse van lede 4
1.7. Toewysing van lede aan streke 4
1.8. Beëindiging van lidmaatskap 4
2. SAMESTELLING VAN DIE LIGGAME VAN DIE ASSOSIASIE 5
2.1. Kongres 5
2.1.1. Samestelling van die Kongres 5
2.1.2. Magte en pligte 5
2.1.3. Vergadering 5
2.1.4. Kennisgewing 6
2.1.5. Kworum 6
2.1.6. Stemming 6
2.2. Spesiale Nasionale Vergadering 7
2.2.1. Samestelling van die Spesiale Nasionale Vergadering 7
2.2.2. Wanneer ’n Spesiale Nasionale Vergadering belê kan word 7
2.2.3. Redes vir ’n Spesiale Nasionale Vergadering 7
2.2.4. Kennisgewing 7
2.2.5. Notule 7
2.2.6. Kworum 7

2.2.7. Stemming 8
2.3. Nasionale Uitvoerende Bestuur....9
2.3.1. Samestelling van die Nasionale Uitvoerende Bestuur 9
2.3.2. Stemreg....9
2.3.3. Magte en pligte....9
2.3.4. Vergadering....10
2.3.5. Kworum 11
2.3.6. Stemming 11
2.4. Nasionale Dagbestuur....12
2.4.1. Samestelling van die Nasionale Dagbestuur 12
2.4.2. Verkiesing van die Nasionale Dagbestuur....12
2.4.3. Kworum 13
2.4.4. Vergaderings....13
2.4.5. Koöptering....13
2.4.6. Magte en pligte....13
2.4.7. Stemming 14
2.5. Gebiedsbestuur 15
2.5.1. Samestelling van die Gebiedsbestuur 15
2.5.2. Ampstermyn van die Gebiedsbestuur....15
2.5.3. Verkiesing van 'n Gebiedsvoorsitter. 15
2.5.4. Aanwys van 'n Ondervoorsitter, Sekretaris / Penningmeester en ander ampsdraers vir die Gebiedsbestuur. 16
2.5.5. Poste op die Gebiedsbestuur kan vakant raak en moet gevul word op die volgende wyse: 16
2.5.6. Finansies van die Gebiedsbestuur 17
2.5.7. Magte en pligte....17
2.5.8. Stemreg....19
2.5.9. Kworum 19
2.5.10. Stemming 19
2.5.11. Vergaderings....20
2.5.12. Spesiale Vergadering van Gebiede....20
2.6. Streekbestuur 21
2.6.1. Samestelling van die Streekbestuur 21
2.6.2. Verkiesing van 'n Streekbestuur....21
2.6.3. Magte en pligte van 'n Streekbestuur 22
2.6.4. Algemene Jaarvergadering van streke....23
2.6.5. Spesiale Vergadering van streke....23
2.6.6. Kworum by Algemene Jaarvergadering en Spesiale Vergadering van streke .. 24

2.6.7. Stemming by Algemene Jaarvergadering en Spesiale Vergadering van streke 24
2.6.8. Administrasie van streke 25
2.7 Satelliet Reëlings Komitee 26
2.7.1 Samestelling van die Satelliet Reëlings Komitee 26
2.7.2 Magte en pligte van 'n Satelliet Reëlings Komitee 26
2.7.3 Administrasie van satelliete 27
3. DIE PRESIDENT 29
3.1. Verkiesing van die President 29
3.2. Nominasieprosedure 29
3.3. Keerdatum van nominasies 29
3.4. Pligte 29
3.5. Vakante Amp 29
4. ADMINISTRASIE VAN DIE ASSOSIASIE 30
4.1. Registers 30
4.2. Administratiewe Beampte 30
4.3. Finansiële Bestuur 30
4.4. Bankrekening en Tekenmagte 30
4.5. Oudit 30
5. DISSIPLINE 32
5.1. Reg tot Dissiplinêre Stappe 32
5.2. Diskwalifikasie tot Verkiesing 32
5.3. Dissiplinêre Stappe 33
5.4. Reg tot Appèl 33
6. ALGEMEEN 34
6.1. Grondwetwysigings 34
6.2. Afskrifte van Grondwet 34
6.3. Woordomskrywing 34
6.4. Vrywaring van Bestuurslede 34
6.5. Finansiële Jaareinde 34
6.6. Ledebelange 34
6.7. Bedryfsgebied 34
6.8. Toevoegings tot Grondwet 35

GRONDWET VAN DIE SUID-AFRIKAANSE WOONWA-ASSOSIASIE

AKTE

1. NAAM

Die naam van die Assosiasie is: DIE SUID-AFRIKAANSE WOONWA-ASSOSIASIE / THE SOUTH AFRICAN CARAVAN ASSOCIATION. (S.A.W.A. / S.A.C.A.) hierna die Assosiasie genoem.

2. ADRES

Die hoofkantoor van die Assosiasie is sodanige plek in die Republiek van Suid-Afrika soos deur die Assosiasie van tyd tot tyd bepaal.

3. AARD

Die Assosiasie bestaan uit Afrikaans georiënteerde persone wat Christelike beginsels handhaaf, met belangstelling in die woonwabeweging en kampering in besonder en buitelewe in die algemeen en kragtens die Grondwet van die Assosiasie as lede toegelaat is.

4. DOELSTELLINGS

4.1. Algemeen

Om die Assosiasie, die woonwabeweging en buitelewe aktiwiteite op enige wetlike wyse tot voordeel van die lede te bevorder.

4.2. In besonder om:

4.2.1. die belange van die lede van die Assosiasie as woonwagangers en kampeerders te behartig en te beskerm;

4.2.2. fondse in te samel deur middel van ledegeld, heffings, lenings van lede en donasies of andersins, ten einde die doelstellings van die Assosiasie te bevorder;

4.2.3. gunstige handels- en ander voorwaardes vir lede te beding;

4.2.4. vaste eiendom of ander bates of regte te koop, te verkry, te behou, te huur of te bekom, asook om eiendom of bates te verkoop, te verhuur, te verpand of te vervreem, soos wat nodig of gerieflik blyk te wees in die uitvoering en bevordering van die doelstellings van die Assosiasie;

4.2.5. nuwe lede te werf, Streekbesture, Satelliet Reëlings Komitees en Gebiedsbesture te stig of af te stig binne die grense soos deur die Nasionale Uitvoerende Bestuur bepaal;

4.2.6. die belange van lede van die Assosiasie te bevorder en saamtrekke, toere en sosiale byeenkomste te reël;

4.2.7. met enige ander Assosiasie, instelling, klub of liggaam met dieselfde of soortgelyke doelstellings, hetsy in die R.S.A. of elders, te affilieer of ooreenkomste of reëlings aan te gaan ter bevordering van onderlinge samewerking en van gemeenskaplike belang;

4.2.8. ‘n erekode vir sy lede op te stel;

4.2.9. amptenare vir die Assosiasie aan te stel, te vergoed en te ontslaan;

4.2.10. die finansiële sake van die Assosiasie te bestuur en te beheer;

4.2.11. die belange en eiendom van die Assosiasie teen enige risiko, verlies, of iets soortgelyk wat die belange en eiendom van die Assosiasie in gevaar mag stel, te verseker of te beskerm;

4.2.12. alle toepaslike stappe ter nakoming van al die voorgenoemde doelstellings, te doen.

5. DIE INKOMSTE VAN DIE ASSOSIASIE

Die inkomste, eiendom en alle ander bates van die Assosiasie, hoe ook al verkry, sal uitsluitlik gebruik word vir die bevordering van die verskillende doelstellings van die Assosiasie soos uiteengesit in hierdie Grondwet. Geen deel daarvan sal betaal of oorgedra word, direk of indirek, by wyse van winste aan lede van die Assosiasie nie, met dien verstande dat geen gedeelte in hierdie paragraaf die betaling te goedertrou van vergoeding aan enige amptenaar of diensnemer van die Assosiasie, of aan enige lid daarvan sal verhoed, wanneer vergoeding vir dienste werklik aan die Assosiasie gelewer, ter sprake is nie.

6. AANSPREEKLIKHEID

Aanspreeklikheid van lede is beperk tot die bedrag van die jaarlikse ledegeld soos neergelê in die Grondwet van die Assosiasie.

7. BELANGE EN KONTRAKTE

‘n Lid moet sy belang in enige kontrak of transaksie wat met die Assosiasie aangegaan word en waar daar finansiële voordele vir hom is, openbaar aan die Nasionale Uitvoerende Bestuur van die Assosiasie. Die betrokke lid mag nie stem oor so ‘n saak nie.

8. BORGSTELLING

Geen lid of bestuur van die Assosiasie kan sonder goedkeuring van die Nasionale Uitvoerende Bestuur homself as borg vir die verpligtinge van die Assosiasie bind nie.

9. REG VAN TOEGANG

Die reg van toegang en bywoning van enige georganiseerde aktiwiteit van die Assosiasie, word voorbehou.

10. ONTBINDING

Indien daar by die ontbinding van die Assosiasie, na die vereffening van alle skulde en verpligtinge, enige eiendom of besittings van watter aard ook al oorbly, sal die waarde daarvan nie aan lede van die Assosiasie uitbetaal of onderverdeel word nie maar sal dit geskenk of oorgeplaas word na ‘n ander liggaam wat ook vrystelling geniet ingevolge Artikel 10(1)(cO) van die Inkomstebelastingwet – Ontspanningsklub. Hierdie liggaam word deur die lede van die Assosiasie aangewys op ‘n Kongres waar daar besluit word om die Assosiasie te ontbind.

GRONDWET VAN DIE SUID-AFRIKAANSE WOONWA-ASSOSIASIE

STATUTE.

1. LIDMAATSKAP

1.1. Lede

Persone en hul gades wat voldoen aan die Grondwet van Die Suid-Afrikaanse Woonwa-Assosiasie, die doelstellings van die Assosiasie onderskryf en die bona fide eienaars of deeleienaars van ‘n woonwa of ander erkende kampeertoerusting is, mag as lede aanvaar word en albei sal stemreg geniet.

1.2. Erelede en beskermhere

1.2.1. Enige persoon wat direk of indirek belang het, of betrokke is by die woonwalewe en wat as gevolg van spesiale bevoegdhede of om enige ander rede ‘n aanwins vir die Assosiasie kan wees, kan deur die Nasionale Uitvoerende Bestuur as erelid of as beskermheer van die Assosiasie benoem word.

1.2.2. Toetrede as beskermheer of erelid van die Assosiasie sal geskied met die skriftelike aanvaarding van die benoeming.

1.2.3. Die Nasionale Uitvoerende Bestuur het die bevoegdheid om die naam van enige erelid of beskermheer van die ledelys te skrap, na skriftelike kennisgewing daarvan met volledige redes vir die skrapping.

1.3. Aansluiting as lede

1.3.1. Persone moet op die voorgeskrewe vorm om lidmaatskap aansoek doen en moet sodanige inligting en ondernemings gee soos wat van hulle verwag word. Goedkeuring as lede berus by die Streekbestuur of Satelliet Reëlings Komitee. ‘n Aansoek kan met opgawe van redes geweier word.

1.3.2. Aansoeke moet na die ontvangs daarvan, op die eerste vergadering van die Streekbestuur of Satelliet Reëlings Komitee hanteer word.

1.3.3. Die goedkeuring van lede sal deur die opsteek van hande geskied, tensy ‘n geheime stemming deur enige lid verlang word.

1.3.4. Aansoek om lidmaatskap sal slegs oorweeg word indien ten minste twee (2) lede van die betrokke bestuur die aansoeker ontmoet het en die aansoek by ‘n bestuursvergadering steun.

1.4. Intreegeld

‘n Voornemende lid sal by aansluiting of heraansluiting, benewens sy ledegeld, ook ‘n intreefooi betaal soos deur die Kongres bepaal mag word.

1.5. Ledegeld

1.5.1. Erelede en beskermhere betaal geen ledegeld nie.

1.5.2. Lede betaal sodanige ledegeld soos deur die Kongres bepaal.

1.5.3. Ledegeld is vooruitbetaalbaar aan die begin van die lid se ledejaar en is hernubaar na verloop van (1) een jaar.

1.6. Geregistreerde adresse van lede

1.6.1. ‘n Lid moet die hoofkantoor van die Assosiasie skriftelik in kennis stel van sy woonadres, posadres en enige verandering daarvan.

1.6.2. 'n Kennisgewing, brief of pakket wat deur die Assosiasie aan ‘n lid per pos of per bode gestuur word en wat aan sy geregistreerde adres gerig is, sal beskou word as aan die betrokke lid afgelewer te wees, op die laatste sewe (7) dae na die versending. Sodanige versending sal verder beskou word as ‘n behoorlike uitvoering van enige plig van die Assosiasie om die betrokke lid kennis te gee.

1.7. Toewysing van lede aan streke

‘n Lid sal toegewys word aan die streek of satelliet waar hy woonagtig is, behalwe:

1.7.1. indien ‘n lid by aansluiting versoek dat hy aan ‘n bestaande, beplande streek of satelliet van sy keuse toegewys moet word;

of

1.7.2. indien hy by spesiale aansoek om oorplasing, met goedkeuring van die Streekbestuur of Satelliet Reëlings Komitee wat hom ontvang, na die streek of satelliet van sy keuse oorgeplaas word en dat die streek wat hy verlaat deur die Administratiewe kantoor in kennis gestel sal word

of

1.7.3. indien hy by afstigting/verdeling van ‘n streek die geleentheid gegun word om by die streek of satelliet van sy keuse in te skakel.

1.8. Beëindiging van lidmaatskap

‘n Lid se lidmaatskap van die Assosiasie word beëindig:

1.8.1. by ontvangs van ‘n kennisgewing van ‘n lid dat hy bedank;

1.8.2. in geval waar ‘n lid in gebreke bly om sy ledegeld binne drie (3) maande vanaf vervaldatum te vereffen;

1.8.3. wanneer ‘n lid se lidmaatskap deur die Nasionale Uitvoerende Bestuur, Gebiedsbestuur, Streekbestuur of Satelliet Reëlings Komitee beëindig word met opgaaf van redes;

1.8.4. Indien die Nasionale Uitvoerende Bestuur, Gebiedsbestuur, Streekbestuur of Satelliet Reëlings Komitee, met opgaaf van redes, weier om sy lidmaatskap te hernu.

2. SAMESTELLING VAN DIE LIGGAME VAN DIE ASSOSIASIE

2.1. Kongres

2.1.1. Samestelling van die Kongres

Die Kongres bestaan uit:

(a) die verkose Nasionale Dagbestuurslede;

(b) die Gebiedsvoorsitters;

(c) twee (2) afgevaardigdes van elke streek;

(d) een (1) afgevaardigde van elke satelliet

(e) die President;

(f) die sameroepers van staande en ad hoc-komitees of enige ander persone op uitnodiging;

(g) betaalde amptenare wat as sekretaris en/of administratiewe amptenare aangestel is.

Al die persone hierbo genoem is stemgeregtig, behalwe die lede in (f) en (g) genoem.

2.1.2. Magte en pligte

Die magte en pligte van die Kongres is om:

(a) die Grondwet op te stel en dit daarna te wysig waar nodig;

(b) die beleid van die Assosiasie te bepaal en die nodige opdragte vir die uitvoering van die beleid te gee;

(c) praktiserende geoktrooieerde rekenmeesters en ouditeure en prokureurs aan te stel en hulle vergoeding te bepaal;

(d) die aanwysing van beskermhere en erelede te bekragtig;

(e) die President en die Nasionale Dagbestuur te verkies;

(f) die voorsitter se jaarverslag te bestudeer en goed te keur;

(g) die geouditeerde finansiële jaarstate goed te keur;

(h) enige honoraria toe te ken;

(i) beskrywingspunte te behandel;

(j) wysigings aan die intreegeld of ledegeld aan te bring;

(k) enige ander aangeleenthede en sake wat vereis mag word, af te handel;

(l) oor die instelling, vertolking en toepassing van die Grondwet te beslis;

(m) toe te sien dat die notule gehou en op die volgende Kongres goedgekeur word;

2.1.3. Vergadering

'n Kongres moet gehou word gedurende elke kalenderjaar en nie later as vyftien (15) maande na die datum waarop die vorige Kongres plaasgevind het nie.

2.1.4. Kennisgewing

Kennisgewing van die Kongres en die sakelys met volle besonderhede, moet ten minste dertig (30) dae voor die datum van die Kongres skriftelik aan alle betrokkenes gestuur word. ‘n Lys van al die genomineerdes vir die ampte van President en Nasionale Dagbestuur, moet saam met hierdie kennisgewing gestuur word.

2.1.5. Kworum

'n Kworum bestaan uit die helfte plus een (1) van die stemgeregtigde afgevaardigdes.

Indien 'n kworum nie binne sestig (60) minute na die aanvangstyd van so 'n vergadering gevorm kan word nie, sal die aanwesige stemgeregtigde lede 'n kworum vorm.

2.1.6. Stemming

(a) Elke aanwesige stemgeregtigde lid beskik oor een (1) stem, en die stem van die meerderheid sal die minderheid bind. Meerderheid beteken die helfte plus een (1) van die stemgeregtigdes wat by ’n vergadering teenwoordig is.

(b) 'n Tweederdemeerderheid word vereis om enige besluit te herroep of te wysig of om die Grondwet te wysig, met dien verstande dat sodanige herroeping of wysiging as 'n punt op die sakelys voorkom.

(c) Besluite op 'n vergadering word geneem deur die opsteek van hande, en in geval van 'n staking van stemme, het die voorsitter, benewens 'n gewone stem, ook 'n beslissende stem.

(d) Nieteenstaande die bepalings van paragraaf 2.1.6(c), sal 'n geheime stemming gehou word indien minstens drie (3) van die aanwesige stemgeregtigde lede dit versoek.

(e) Verkiesing van bestuurslede mag alleenlik deur middel van stembriefies geskied. In die geval van 'n staking van stemme sal 'n tweede keer met stembriefies gestem word. In die geval van 'n verdere staking van stemme, sal die lot gewerp word.

(f) Minstens drie (3) stembeamptes moet deur die vergadering vir die hantering van die stembriewe aangewys word. Die aangewese persone moet sover as moontlik onafhanklik wees en verkieslik nie aan die stemproses deelneem nie.

2.2. Spesiale Nasionale Vergadering

2.2.1. Samestelling van die Spesiale Nasionale Vergadering

Die vergadering bestaan uit:

(a) die verkose Nasionale Dagbestuurslede;

(b) die Gebiedsvoorsitters;

(c) twee (2) afgevaardigdes van elke streek;

(d) een (1) afgevaardigde van elke satelliet

(e) die President;

(f) die sameroepers van staande en ad hoc-komitees of enige ander persone op uitnodiging;

(g) betaalde amptenare wat as sekretaris en/of administratiewe amptenare aangestel is.

Al die persone hierbo genoem, is stemgeregtig behalwe die lede in (f) en (g) genoem.

2.2.2. Wanneer ’n Spesiale Nasionale Vergadering belê kan word

'n Spesiale Nasionale Vergadering moet in die volgende gevalle belê word:

(a) na besluit van die Nasionale Dagbestuur, Nasionale Uitvoerende Bestuur of Kongres;

(b) na skriftelike versoek van ’n Gebiedsbestuur, Streekbestuur of Satelliet Reëlings Komitee of minstens vyftien (15) lede wat hulle verpligtinge behoorlik teenoor die Assosiasie nagekom het, onderhewig aan die voorwaarde dat die koste verbonde aan so ’n Spesiale Nasionale Vergadering deur die aansoekers gedra sal word.;

2.2.3. Redes vir ’n Spesiale Nasionale Vergadering

'n Behoorlike opgawe van redes waarom so 'n Spesiale Nasionale Vergadering belê moet word, moet verstrek word en geen ander sake behalwe die waarvan kennis gegee is, mag tydens so 'n vergadering bespreek word nie.

2.2.4. Kennisgewing

Kennisgewing van so 'n Spesiale Nasionale Vergadering moet minstens dertig (30) dae voor die datum van die vergadering aan die stemgeregtigde lede en belang-hebbendes gegee word. Volle besonderhede van die sake wat bespreek sal word, moet die kennisgewing vergesel.

2.2.5. Notule

'n Notule moet gehou en goedgekeur word op die volgende Kongres.

2.2.6. Kworum

'n Kworum bestaan uit die helfte plus een (1) van die stemgeregtigde afgevaardigdes.

Indien 'n kworum nie binne sestig (60) minute na die aanvangstyd van so 'n vergadering gevorm kan word nie, sal die aanwesige stemgeregtigde lede 'n kworum vorm.

2.2.7. Stemming

(a) Elke aanwesige stemgeregtigde lid sal oor een (1) stem beskik, en die stem van die meerderheid sal die van die minderheid bind. Meerderheid beteken die helfte plus een (1) van die stemgeregtigdes wat by ’n vergadering teenwoordig is.

(b) 'n Tweederdemeerderheid word vereis om enige besluit te herroep of te wysig of om die Grondwet te wysig, met dien verstande dat sodanige herroeping of wysiging as 'n punt op die sakelys voorkom.

(c) Besluite op die vergadering word geneem deur die opsteek van hande, en in geval van 'n staking van stemme, het die voorsitter, benewens 'n gewone stem, ook 'n beslissende stem.

(d) Nieteenstaande die bepalings van paragraaf 2.2.7(c) sal 'n geheime stemming gehou word indien minstens drie (3) van die aanwesige stemgeregtigde lede dit versoek.

(e) Verkiesing van bestuurslede mag alleenlik deur middel van stembriefies geskied. In die geval van 'n staking van stemme sal 'n tweede (2de) keer met stembriefies gestem word. In die geval van 'n verdere staking van stemme, sal die lot gewerp word.

(f) Minstens drie (3) stembeamptes moet deur die vergadering vir die hantering van die stembriewe aangewys word. Die aangewese persone moet sover as moontlik onafhanklik wees en verkieslik nie aan die stemproses deelneem nie.

2.3. Nasionale Uitvoerende Bestuur

2.3.1. Samestelling van die Nasionale Uitvoerende Bestuur

Die Nasionale Uitvoerende Bestuur bestaan uit :

(a) die verkose Nasionale Dagbestuurslede;

(b) die Gebiedsvoorsitters;

(c) die President;

(d) die sameroepers van staande en ad hoc-komitees of ander persone op uitnodiging;

(e) betaalde amptenare wat as sekretaris en/of administratiewe amptenare aangestel is.

2.3.2. Stemreg

Die verkose Nasionale Dagbestuur, President, en Gebiedsvoorsitters is stem-geregtig op hierdie vergadering.

2.3.3. Magte en pligte

Die magte en pligte van die Nasionale Uitvoerende Bestuur is om:

(a) die Assosiasie in die algemeen ooreenkomstig hierdie Grondwet te bestuur en opdragte van die Kongres aangaande beleid uit te voer;

(b) rekeninge by enige finansiële instelling te open, en te administreer in naam van die Assosiasie, en ampsdraers aan te stel om alle nodige dokumente te onderteken;

(c) enige noodsaaklike uitgawes in die belang van die Assosiasie te magtig;

(d) vaste eiendom, ander bates of regte te koop, te verkry, te behou, te huur of te bekom, asook eiendom of bates te verkoop, verhuur, verbind, verpand, vervreem, soos wat nodig of gerieflik in die uitvoering of bevordering van die doelstelling van die Assosiasie blyk te wees;

(e) toe te sien dat die sekretariële werk van die Assosiasie uitgevoer word, en dat notules gehou en op die volgende vergadering, goedgekeur word;

(f) 'n erekode vir lede van die Assosiasie voor te skryf en om enige veranderings wat nodig mag word, aan te bring;

(g) oor die Assosiasie se kleure, embleme, vlae of enige ander kentekens of ontwerpe te besluit en die verkooppryse van genoemde goedere, asook die voorwaardes waarvolgens dit gebruik mag word, te bepaal en af te dwing;

(h) toe te sien dat:-

(i) ’n eenvormige en algemeen aanvaarde rekeningkundige standaard op nasionale, gebieds-, streek-, en satelliet vlakke gehandhaaf word;

(ii) finansiële state van die Assosiasie se sake jaarliks opgestel en geouditeer word vir voorlegging aan die Kongres;

(iii) die nodige belastingopgawe en meegaande inligting voltooi en ingedien word by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens om te verseker dat die Assosiasie sy belastingvrystelling behou ingevolge Artikel 10(1)(cO) van die Inkomstebelastingwet;

(iv) gebiede, streke en satelliete hulle hou binne die Administratiewe Reëls en Aanbevelings van die Assosiasie en ook Artikel 30 A(2) van die Inkomstebelastingwet);

(i) op te tree in situasies en omstandighede waarvoor geen voorsiening in die Grondwet gemaak is nie;

(j) in die algemeen sodanige stappe te doen as wat vir die gladde verloop van alle sake van die Assosiasie nodig mag wees;

(k) 'n forum van beslegting te vorm van alle sake, vraagstukke of geskille wat aan hom voorgelê mag word. Sodanige besluite wat geneem mag word, moet jaarliks op die Kongres gekondoneer word.

(l) alle reëlings vir die Kongres te tref en kennis daarvan aan alle Streekbesture, Satelliet Reëlings Komitees en afgevaardigdes te gee;

(m) gunstige handels- en ander voordele vir die lede te beding;

(n) toe te sien dat die sakelys van die Kongres minstens dertig (30) dae voor die datum van die Kongres aan Streekbesture, Satelliet Reëlings Komitees en afgevaardigdes voorsien word;

(o) die onkoste te dra van die Nasionale Dagbestuur, President en Gebieds-voorsitters en ander amptenare, soos deur die Vergadering van tyd tot tyd bepaal ;

(p) die afstigting of stigting asook die grense van streke en satelliete goed te keur;

(q) die daarstelling van gebiede en die grense goed te keur;

(r) tydelik enige vakature(s) te vul wat in die Nasionale Dagbestuur mag ontstaan totdat sodanige vakature(s) behoorlik tydens ‘n Kongres gevul kan word;

(s) enige bestuurslid van sy amp te onthef in die geval van wangedrag deur die voorskrifte van die dissiplinêre reëls (paragraaf 11) van die Administratiewe Reëls en Aanbevelings te volg.

(t) ‘n Gebiedsbestuur wat hom nie handhaaf of sy sake kan beheer nie, oor te neem en waar nodig ‘n Spesiale Gebiedsvergadering te belê om ‘n nuwe bestuur saam te stel.

2.3.4. <u>Vergadering</u>

Die Nasionale Uitvoerende Bestuur moet minstens vier (4) keer per jaar vergader op datums wat jaarliks vooruit vasgestel word.

2.3.5. Kworum

Vir die Nasionale Uitvoerende Bestuur sal die helfte plus een van die stem-geregtigde lede 'n kworum vorm. Indien 'n kworum nie binne dertig (30) minute na die aanvangstyd van so 'n vergadering gevorm kan word nie, moet die vergadering vir twee (2) weke uitgestel word. Al die lede van die vergadering moet van die uitstel in kennis gestel word.

Op die uitgestelde vergadering sal die aanwesige stemgeregtigde lede 'n kworum vorm.

2.3.6. Stemming

(a) Op alle vergaderings beskik elke aanwesige stemgeregtigde lid oor een (1) stem en die stem van die meerderheid sal die van die minderheid bind. Meerderheid beteken die helfte plus een (1) van die stemgeregtigdes wat by ’n vergadering teenwoordig is.

(b) 'n Tweederdemeerderheid word vereis om enige besluit te herroep of te wysig, met dien verstande dat sodanige herroeping as 'n punt op die sakelys voorkom.

(c) Besluite op 'n vergadering word geneem deur die opsteek van hande. In geval van 'n staking van stemme het die voorsitter, benewens 'n gewone stem, ook 'n beslissende stem;

(d) Nieteenstaande die bepalings van paragraaf 2.3.6(c), sal 'n geheime stemming gehou word indien minstens drie (3) van die aanwesige stemgeregtigde lede dit versoek.

(e) Minstens drie (3) stembeamptes moet deur die vergadering vir die hantering van die stembriewe aangewys word. Die aangewese persone moet sover as moontlik onafhanklik wees en verkieslik nie aan die stemproses deelneem nie.

2.4. Nasionale Dagbestuur

2.4.1. Samestelling van die Nasionale Dagbestuur

Die Nasionale Dagbestuur bestaan uit:-

(a) 'n Voorsitter;

(b) ‘n Ondervoorsitter;

(c) ‘n Sekretaris;

(d) ‘n Penningmeester;

(e) 'n Skakelbeampte.

2.4.2. Verkiesing van die Nasionale Dagbestuur

(a) Nasionale Dagbestuur word jaarliks op die Kongres verkies vir ‘n termyn van een (1) jaar, met dien verstande dat geen Nasionale Dagbestuurslid gelyktydig 'n verkose lid van enige ander bestuur in hierdie Grondwet vermeld, mag wees nie.

(b) Slegs Streekbesture, Gebiedsbesture of Satelliet Reëlings Komitees mag nominasies vir Nasionale Dagbestuurslede indien. Die nominasies moet skriftelik wees en deur twee (2) lede van die betrokke bestuur/komitee onderteken wees, asook deur die genomineerde, wat sodoende sy bereidwilligheid te kenne gee om, indien verkies, op die Nasionale Dagbestuur te dien. Persone wat genomineer word, moet hulle verpligtinge onder hierdie Grondwet teenoor die Assosiasie nagekom het voordat die nominasies wetlik aanvaar kan word.

(c) Nominasievorms sal ten minste dertig (30) dae voor die keerdatum aan Gebiedsbesture, Streekbesture en Satelliet Reëlings Komitees beskikbaar gestel word. Die keerdatum waarop nominasies die Nasionale Sekretaris moet bereik, sal deur die Nasionale Uitvoerende Bestuur van tyd tot tyd vasgestel en aan al die lede van die Assosiasie bekend gemaak word. Elektroniese indiening van nominasies sal ook aanvaar word mits dit voldoen aan die voorskrifte uiteengesit in paragraaf 2.4.2(b).

(d) Vakatures wat op Nasionale Dagbestuur mag ontstaan, sal gevul word soos neergelê in paragraaf 2.3.3(r) nadat die voorskrifte vir nominasies hierbo uiteengesit, nagekom is.

(e) Poste op Nasionale Dagbestuur kan vakant raak op die volgende wyses:

(i) bedanking van lede, of die afsterwe van 'n lid;

(ii) indien 'n Nasionale Dagbestuurlid nie sy verpligtinge teenoor die Assosiasie nakom nie deur te versuim om sy ledegeld te betaal;

(iii) indien 'n Nasionale Dagbestuurlid vier (4) agtereenvolgende bestuursvergaderings sonder 'n aanvaarbare verskoning nie bywoon nie;

(iv) 'n lid van Nasionale Dagbestuur kan deur die Kongres, 'n Spesiale Nasionale Vergadering of deur die Nasionale Uitvoerende Bestuur uit sy

pos onthef word indien hy hom aan wangedrag skuldig maak deur die voorskrifte van die dissiplinêre reëls (paragraaf 11) van die Administratiewe Reëls en Aanbevelings te volg.

2.4.3. Kworum

Die kworum vir Nasionale Dagbestuursvergaderings sal drie (3) lede wees. Indien 'n kworum nie binne dertig (30) minute na die aanvangstyd van so 'n vergadering gevorm kan word nie, moet die vergadering vir twee weke (2) uitgestel word. Al die lede van die vergadering moet van die uitstel in kennis gestel word.

2.4.4. Vergaderings

Die Nasionale Dagbestuur vergader so dikwels as wat nodig is maar moet minstens ses (6) maal per jaar vergader. (Onkostes ten opsigte van hierdie vergaderings sal hanteer word soos neergelê in paragraaf 2.3.3(o)).

Die vergadering bestaan uit die verkose Nasionale Dagbestuurslede en

(a) die Administratiewe Beampte;

(b) die sameroepers van staande en ad-hoc komitees of enige ander persone op uitnodiging.

Die persone in (a) en (b) genoem het nie stemreg nie.

2.4.5. Koöptering

Die Nasionale Dagbestuur is geregtig om sodanige persone te koöpteer soos hy nodig ag ten einde sy pligte doeltreffend te kan uitvoer.

2.4.6. Magte en pligte

Die Nasionale Dagbestuur bestuur die dag tot dag sake van die Assosiasie tussen Nasionale Uitvoerende Bestuursvergaderings wat die volgende insluit:

(a) die Assosiasie in die algemeen ooreenkomstig hierdie Grondwet te bestuur en opdragte van die Kongres aangaande beleid uit te voer;

(b) rekeninge by enige finansiële instelling te open en te administreer in die naam van die Assosiasie en om ampsdraers aan te stel om alle nodige dokumente te onderteken;

(c) enige noodsaaklike uitgawes in die belang van die Assosiasie te magtig;

(d) toe te sien dat die sekretariële werk van die Assosiasie uitgevoer word, en dat notules gehou en op die volgende vergadering goedgekeur word;

(e) toe te sien dat finansiële state van die Assosiasie se sake op nasionale, gebied-, streek- en satellietvlak jaarliks opgestel, gekonsolideer en geouditeer word vir voorlegging aan die Kongres en dat die nodige belastingopgawe en ander meegaande inligting voltooi en by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens ingedien word om te verseker dat die Assosiasie sy vrystelling van belasting behou;

(f) op te tree in situasies en omstandighede waarvoor geen voorsiening in die Grondwet gemaak is nie;

(g) in die algemeen sodanige stappe te doen as wat vir die gladde verloop van alle sake van die Assosiasie nodig mag wees;

(h) alle reëlings vir die Kongres te tref en kennis daarvan aan alle Streekbesture, Satelliet Reëlings Komitees en afgevaardigdes te gee;

(i) gunstige handels- en ander voordele vir die lede te beding;

(j) toe te sien dat die sakelys van die Kongres nie minder as dertig (30) dae voor die datum van die Kongres aan Streekbesture, Satelliet Reëlings Komitees en afgevaardigdes voorsien word nie.

2.4.7. Stemming

(a) Elke aanwesige stemgeregtigde lid beskik oor een (1) stem en die stem van die meerderheid sal die van die minderheid bind. Meerderheid beteken die helfte plus een (1) van die stemgeregtigdes wat by ’n vergadering teenwoordig is.

(b) Besluite op 'n vergadering word geneem deur die opsteek van hande, en in geval van 'n staking van stemme, het die voorsitter, benewens 'n gewone stem, ook 'n beslissende stem.

(c) Nieteenstaande die bepalings van paragraaf 2.4.7(b) sal 'n geheime stemming gehou word indien minstens twee (2) van die aanwesige stemgeregtigde lede dit versoek.

(d) Minstens drie (3) stembeamptes moet deur die vergadering vir die hantering van die stembriewe aangewys word. Die aangewese persone moet sover as moontlik onafhanklik wees en verkieslik nie aan die stemproses deelneem nie.

(e) Gekoöpteerde lede wat ‘n vakante pos op die Nasionale Dagbestuur vul, het stemreg.

2.5. Gebiedsbestuur

2.5.1. Samestelling van die Gebiedsbestuur

Die Gebiedsbestuur bestaan uit :

(a) 'n Voorsitter, ‘n ondervoorsitter wat een van die streek/satellietverteenwoordigers sal wees, 'n sekretaris/penningmeester wat een van die streek/satellietverteenwoordigers kan wees, twee (2) verteenwoordigers van elke streek en een (1) verteenwoordiger van elke satelliet wat in die gebied ressorteer, en ander ampsdraers wat nodig mag wees, soos ‘n seniorburgerverteenwoordiger, ‘n tegniese- en woonwaparkebeampte, ‘n skakelbeampte en ‘n redakteur;

(b) die Voorsitter van 'n Streekbestuur en die Sameroeper van ’n Satelliet Reëlings Komitee moet verkieslik een van die verteenwoordigers wees wat aangewys is om op die betrokke Gebiedsbestuur te dien;

(c) die verteenwoordigers moet verkieslik nie deur die jaar wissel nie;

(d) secundi-verteenwoordigers moet deur die betrokke Streekbestuur en Satelliet Reëlings Komitee vir die jaar aangewys word.

2.5.2. Ampstermyn van die Gebiedsbestuur

Die ampstermyn van die Gebiedsbestuur is een (1) jaar. Die voorsitter, sekretaris / penningmeester en die ampsdraers wat van buite die Gebiedsbestuur se geledere aangewys word, se ampstermyn strek van onmiddellik na die Kongres vir een jaar tot en met die Kongres van die daaropvolgende jaar. Die verteenwoordigers van die streke/satelliete se ampstermyn strek van elke streek/satelliet se algemene jaarvergadering tot die daaropvolgende algemene jaarvergadering.

2.5.3. Verkiesing van 'n Gebiedsvoorsitter.

(a) Die Gebiedsvoorsitter vir die volgende ampstermyn word verkieslik voor die algemene jaarvergaderings van die streke/satelliete in die gebied verkies, maar nie later as die laaste Gebiedsbestuurvergadering wat in die ampstermyn gehou word nie, met dien verstande dat die verkiesing eers na afloop van die Kongres van krag word. Slegs die betrokke Streekbesture en Satelliet Reëlings Komitees mag nominasies indien vir 'n voorsitter vir hulle Gebiedsbestuur. Sodanige nominasies moet skriftelik wees en deur twee (2) lede van die betrokke bestuur asook die genomineerde onderteken wees, waardeur die genomineerde sy bereidwilligheid te kenne gee om, indien verkies, as Gebiedsvoorsitter te dien, met dien verstande dat sodanige genomineerde as voorsitter van die Gebiedsbestuur nie gelyktydig 'n verkose lid van enige ander bestuur, in hierdie Grondwet vermeld, kan wees nie. Persone wat genomineer word, moet hulle verpligtinge onder hierdie Grondwet teenoor die Assosiasie nagekom het voordat die nominasies wetlik aanvaar kan word.

(b) Nominasievorms sal ten minste (dertig) 30 dae voor die keerdatum aan die betrokke streke en satelliete beskikbaar gestel word.
Die keerdatum waarop die nominasies die sekretaris / penningmeester moet bereik, sal deur die Gebiedsbestuur van tyd tot tyd vasgestel word en bekend gemaak word aan die betrokke streke en satelliete. Elektroniese indiening van nominasies sal ook aanvaar word mits dit voldoen aan die voorskrifte uiteengesit in paragraaf 2.5.3(a). Na die keerdatum moet ‘n lys van genomineerdes aan die betrokke streke en satelliete gestuur word ten minste veertien (14) dae voor die volgende Gebiedsvergadering.

(c) Die lede van die Gebiedsbestuur kies dan hul voorsitter uit die genomineerdes by wyse van 'n geheime stemming.

(d) In die geval van 'n staking van stemme, word 'n tweede (2de) stemming gehou. In die geval van 'n verdere staking van stemme, word die lot gewerp.

(e) Die voorsitter van 'n Gebiedsbestuur, of in sy afwesigheid die secundus, woon alle vergaderings van die Nasionale Uitvoerende Bestuur by.

(f) Indien een van die streek/satelliet verteenwoordigers tot voorsitter van die Gebiedsbestuur verkies word, moet die betrokke Streekbestuur of Satelliet Reëlings Komitee 'n plaasvervanger aanwys.

(g) Indien bogenoemde voorskrifte nie nagekom word nie kan die Nasionale Dagbestuur die verkiesing ongrondwetlik verklaar luidens paragraaf 2.4.6.(a) en ’n nuwe verkiesing reël soos neergelê in paragraaf 2.5.12.

2.5.4. <u>Aanwys van 'n Ondervoorsitter, Sekretaris / Penningmeester en ander ampsdraers vir die Gebiedsbestuur.</u>

(a) Die Gebiedsbestuur moet tydens die eerste vergadering van die termyn een van die streek/satelliet verteenwoordigers as ondervoorsitter aanwys.

(b) Die Gebiedsbestuur het die reg om op ‘n tydstip wanneer dit die Gebied die beste pas, ‘n sekretaris / penningmeester en enige ander ampsdraer wat nodig mag wees, soos ‘n tegniese- en woonwaparkbeampte, ‘n skakelbeampte, ‘n seniorburgerverteenwoordiger en ‘n redakteur, uit eie geledere, of van buite, aan te wys.

(c) Indien 'n sekretaris / penningmeester, of enige ander ampsdraer, van buite die Gebiedsbestuur aangewys word, het so 'n persoon geen stemreg nie.

2.5.5. <u>Poste op die Gebiedsbestuur kan vakant raak en moet gevul word op die volgende wyse:</u>

(a) bedanking van 'n lid of die afsterwe van 'n lid;

(b) indien 'n lid nie sy verpligtinge teenoor die Assosiasie nakom nie deur te versuim om sy ledegeld te betaal;

(c) indien 'n lid twee (2) agtereenvolgende bestuursvergaderings sonder 'n aanvaarbare verskoning nie bywoon nie;

(d) 'n lid van die Gebiedsbestuur kan deur die Nasionale Uitvoerende Bestuur uit sy pos onthef word, indien hy hom aan wangedrag skuldig maak deur die voorskrifte van die dissiplinêre reëls (paragraaf 11) van die Administratiewe Reëls en Aanbevelings te volg.

(e) waar daar vakatures ontstaan ten opsigte van verteenwoordigers van streke en satelliete moet die aangewese secundi-verteenwoordigers soos uiteengesit in paragraaf 2.5.1 (d) hierbo die vakatures vul;

(f) indien ’n vakature in die amp van Voorsitter ontstaan neem Die Nasionale Dagbestuur die Gebiedsbestuur oor namens die Nasionale Uitvoerende Bestuur en tree die Dagbestuur Voog, of sy genomineerde, op as Voorsitter. ’n Spesiale Gebiedsvergadering soos neergelê in paragraaf 2.5.12, met die uitsluitlike doel om ’n nuwe Gebiedsvoorsitter te verkies, moet dan belê word. Nominasies moet binne die tydperk neergelê vir die Spesiale Vergadering verkry word en voor die aanvang van die vergadering ingedien word. Die verkiesing vind plaas volgens paragraaf 2.5.3(e) & (f);

(g) indien die aangewese Ondervoorsitter of een van die ander ampsdraers as die nuwe Gebiedsvoorsitter verkies word, moet ’n nuwe Ondervoorsitter of ampsdraer aangewys word tydens die volgende vergadering van die Gebiedsbestuur.

2.5.6. <u>Finansies van die Gebiedsbestuur</u>

(a) Finansiële uitgawes van die Gebiedsbestuur word deur die streke/satelliete self gedra.

(b) Gebiedsvoorsitters se reiskoste vir die bywoning van Nasionale Uitvoerende Bestuurvergaderings kan deur die nasionale kas betaal word indien so n besluit deur die Nasionale Uitvoerende Bestuur geneem is luidens paragraaf 2.3.3(o).

(c) Wanneer Gebiedsvoorsitters ‘n streek of satelliet saamtrek amptelik (bv. vir ‘n algemene jaarvergadering), of op uitnodiging bywoon, word verwag dat die betrokke streek sy saamtrekfooie sal dra en die gebiedskas sy reiskoste, met dien verstande dat amptelike bywoning nie meer as een (1) keer per jaar per streek/satelliet sal plaasvind nie. Wanneer dit van die Gebiedsvoorsitter verwag word om kontreifeeste by te woon, moet sy saamtrekfooie en reiskoste op dieselfde wyse vergoed word.

2.5.7. <u>Magte en pligte</u>

Die magte en pligte van die Gebiedsbestuur is om:

(a) geografiese grense van streke en satelliete te bepaal vir goedkeuring by die Nasionale Uitvoerende Bestuursvergadering en bekragtiging by die Kongres;

(b) alle reklamewerk in die gebied te reël;

(c) alle saamtrekke binne die gebied te koördineer;

(d) groeipunte in die gebied met die oog op afstigting te identifiseer;

(e) as arbiter in huishoudelike aangeleenthede op te tree;

(f) 'n Streekbestuur of Satelliet Reëlings Komitee wat hom nie kan handhaaf of sy sake nie kan beheer nie, oor te neem en waar nodig 'n spesiale vergadering te belê om 'n nuwe bestuur saam te stel;

(g) fondsinsamelingsaksies te loods ter delging van hul kostes;

(h) voordeel vir lede by die aankoop van woonwaens, uitrusting en toebehore te verkry;

(i) behoorlike geriewe vir woonwabedrywighede met inbegrip van woonwaparke in die gebied en enige aangeleentheid wat daarmee in verband mag staan, te verkry;

(j) alle inligting en take soos deur die Nasionale Uitvoerende Bestuur of Nasionale Dagbestuur aan hom toegewys, af te handel. Alle terugvoering aan die Nasionale Uitvoerende Bestuur of Nasionale Dagbestuur moet in die vorm van 'n geskrewe verslag geskied;

(k) alle sake vanaf die betrokke streke na goeddunke te hanteer en af te handel, of na die Nasionale Uitvoerende Bestuur te verwys;

(l) die finansiële state en verslae wat jaarliks deur Streekbesture en Satelliet Reëlings Komitees voorgelê word, te ondersoek, en indien nodig, die boeke en rekeninge van 'n Streekbestuur of Satelliet Reëlings Komitee na te gaan en waar nodig, spesiale ouditeure aan te stel;

(m) enige Streekbestuurslid of Satelliet Reëlings Komitee lid van sy amp te onthef in geval van wangedrag;

(n) wanneer die behoefte bestaan om fondse binne die Gebiedsbestuur te beheer, moet ‘n rekening by enige finansiële instelling vir die doel geopen en geadministreer word in die naam van die Gebiedsbestuur deur minstens twee (2) ampsdraers om alle nodige dokumente te onderteken ;

(o) toe te sien dat notules gehou en op die volgende vergadering goedgekeur word en dat ‘n afskrif van alle Gebiedsbestuursvergaderings se notules binne twee weke (2) na goedkeuring vir kennisname aan die hoofkantoor gestuur word;

(p) die Gebiedsvoorsitter binne veertien (14) dae verslag te laat doen aan sy bestuur oor die verloop van sake van die Nasionale Uitvoerende Bestuurs-vergadering;

(q) ‘n Rekenkundige Beampte jaarliks aan te wys om die boeke en bewysstukke van die Gebied na te gaan. Geen lid van die bestuur mag as Rekenkundige Beampte aangewys word nie. Hierdie geouditeerde staat [soos neergelê in paragraaf 2.3.3 (h) (i)] moet jaarliks aan die Gebiedsbestuur vir goedkeuring

voorgelê word en vir kennisname aan die besture van die streke/satelliete binne die gebied gegee word. Indien die pos van Rekenkundige Beampte vakant raak, sal die bestuur die reg hê om 'n plaasvervanger aan te stel en sy vergoeding te bepaal. Hy sal dan tot die volgende Gebiedsvergadering waarneem.

(r) toe te sien dat die nodige finansiële inligting soos voorgeskryf in paragraaf 2.3.3(h) elke jaar voor die een en dertigste (31ste) dag van Augustus aan die Nasionale Penningmeester versend word vir insluiting in die opgawes aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens en vir konsolidasie en voorlegging aan die Kongres.

2.5.8. Stemreg

Slegs die Streek- en Satellietverteenwoordigers en die voorsitter is stemgeregtig op hierdie vergadering.

2.5.9. Kworum

Vir die Gebiedsbestuur sal die helfte, plus een (1) van die stemgeregtigde lede, 'n kworum vorm. Indien 'n kworum nie binne dertig (30) minute na die aanvangstyd van so 'n vergadering gevorm kan word nie, moet die vergadering vir twee (2) weke uitgestel word. Al die lede van die vergadering moet van die uitstel in kennis gestel word.

Op die uitgestelde vergadering sal die aanwesige stemgeregtigde lede 'n kworum vorm.

2.5.10. Stemming

(a) Op alle vergaderings beskik elke aanwesige stemgeregtigde verteenwoordiger oor een (1) stem en die stem van die meerderheid sal die minderheid bind. Meerderheid beteken die helfte plus een (1) van die stemgeregtigdes wat by ’n vergadering teenwoordig is.

(b) 'n Tweederdemeerderheid word vereis om enige besluit te herroep of te wysig, met dien verstande dat sodanige herroeping of wysiging as 'n punt op die sakelys voorkom.

(c) Besluite op 'n vergadering word geneem deur die opsteek van hande. In geval van 'n staking van stemme het die voorsitter, benewens 'n gewone stem, ook 'n beslissende stem.

(d) Waar twee of meer verteenwoordigers dit versoek, moet per geslote stembriefie gestem word.

(e) Minstens drie (3) stembeamptes moet deur die vergadering vir die hantering van die stembriewe aangewys word. Die aangewese persone moet sover as moontlik onafhanklik wees en verkieslik nie aan die stemproses deelneem nie.

2.5.11. Vergaderings

Gebiedsbesture vergader so dikwels as wat nodig is, maar moet minstens vier (4) maal per jaar vergader.

2.5.12. Spesiale Vergadering van Gebiede

(a) 'n Spesiale Vergadering van 'n Gebied kan te eniger tyd belê word na:

(i) skriftelike opdrag van die Nasionale Uitvoerende Bestuur;

(ii) besluit van 'n Gebiedsbestuur;

(iii) skriftelike versoek van ten minste een Streekbestuur of Satelliet Reëlings Komitee.

(b) 'n Behoorlike opgawe van redes waarom so 'n Spesiale Vergadering belê moet word, moet gegee word en geen ander sake mag op so 'n vergadering bespreek word nie.

(c) Ten minste veertien (14) dae kennisgewing van so 'n vergadering, asook die sake wat oorweeg moet word, moet aan Streekbesture en Satelliet Reëlings Komitees gegee word.

(d) Notule moet gehou word en op die volgende Gebiedsvergadering goedgekeur word.

(e) ’n Kworum sal gevorm word soos neergelê in paragraaf 2.5.9.

2.6. Streekbestuur

2.6.1. Samestelling van die Streekbestuur

(a) Streekbesture word uit nie minder as vyf (5) en nie meer as agt (8) verkose lede saamgestel nie en sal vir ’n termyn van een (1) jaar verkies word op ’n Algemene Jaarvergadering van streke (of op ’n Spesiale Vergadering van streke). Vir die ampte van voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris en penningmeester word kandidate vir daardie ampte, genomineer en verkies sowel as die addisionele lede soos die streek nodig het om ’n volwaardige bestuur daar te stel..

(b) Die Streekbestuur het die reg om waar daar vakatures ontstaan, lede te koöpteer met volle stemreg tot die volgende Algemene Jaarvergadering van die streek, met dien verstande:

(i) dat die gekoöpteerde lede nie die verkose lede in totaal mag oorskry nie;

(ii) dat indien 'n vakature in die amp van voorsitter of ondervoorsitter ontstaan, die vakature gevul moet word uit die verkose lede van die Streekbestuur.

2.6.2. Verkiesing van 'n Streekbestuur

(a) 'n Streekbestuur sal jaarliks op die Algemene Jaarvergadering van die streek verkies word, met dien verstande dat sodanige bestuurslid nie gelyktydig 'n verkose lid van enige ander bestuur in hierdie Grondwet vermeld, uitgesonderd die lede van ‘n Gebiedsbestuur, (behalwe die Gebiedsvoorsitter) is nie.

(b) Nominasies vir 'n Streekbestuur moet skriftelik wees en deur die voorsteller, die sekondant, asook deur die genomineerde wat sodoende sy bereidwilligheid te kenne gee om, indien verkies, op die Streekbestuur te dien, onderteken wees. Persone wat genomineer word, asook die persone wat hulle nomineer en sekondeer, moet hulle verpligtinge onder hierdie Grondwet teenoor die Assosiasie nagekom het voordat die nominasies wetlik aanvaar kan word.

(c) Nominasievorms sal ten minste dertig (30) dae voor die keerdatum aan streekslede beskikbaar gestel word. Die keerdatum waarop nominasies die sekretaris moet bereik, sal deur die Streekbestuur van tyd tot tyd vasgestel en bekend gemaak word aan al die lede van die streek. Elektroniese indiening van nominasies sal ook aanvaar word mits dit voldoen aan die voorskrifte uiteengesit in paragraaf 2.6.2(b).

(d) Poste op Streekbesture kan vakant raak op dieselfde wyse as by Nasionale Dagbestuur. (verwys paragraaf 2.4.2(e)).

(e) Indien bogenoemde voorskrifte nie nagekom word nie kan die Nasionale Dagbestuur en/of die Gebiedsbestuur die verkiesing ongrondwetlik verklaar

luidens paragrawe 2.4.6.(a) en 2.5.7.(f) en ’n nuwe verkiesing reël soos neergelê in paragraaf 2.6.5.

2.6.3. Magte en pligte van 'n Streekbestuur

(a) Streekbesture sal twee (2) lede en plaasvervangers uit hul eie geledere as verteenwoordigers aanwys om hulle op die Gebiedsbestuur te verteenwoordig.

(b) Elke Streekbestuur mag twee (2) stemgeregtigde lede uit die streek as afgevaardigdes na die Kongres of 'n Spesiale Nasionale Vergadering aanwys. Plaasvervangers moet ook aangewys word en geloofsbriewe moet opgestel word.

(c) Streekbesture dra die koste van hulle afgevaardigdes na Kongresse asook Spesiale Nasionale Vergaderings.

(d) Die pligte en magte van die ampsdraers van die Streekbestuur sal in soverre dit toepasbaar is, in ooreenstemming wees met die magte en pligte van die lede van die Nasionale Uitvoerende Bestuur.

(e) Alle voorgestelde wysigings van die Grondwet moet deur Streekbesture deur die Gebiedsbestuur by die Nasionale Uitvoerende Bestuur vir voorlegging by die volgende Kongres ingedien word soos neergelê in paragraaf 6.1.

(f) Indien enige ampsdraer wat deur die Nasionale Uitvoerende Bestuur of Gebiedsbestuur van sy amp onthef word, sou weier of versuim om enige eiendom van die Assosiasie op versoek van die Streekbestuur oor te dra, sal sy of haar lidmaatskap van die Assosiasie beëindig word. Die Nasionale Uitvoerende Bestuur kan van enige geregtelike stappe gebruik maak om te verseker dat aan hierdie bepalings voldoen word.

(g) Streekbesture moet sorg dra dat notules van hul vergaderings gehou en behoorlik goedgekeur word.

(h) Die Streekbestuur moet so dikwels as nodig vergader om die sake van die Streek na behore te hanteer met minstens een vergadering voor of gedurende elke eie streeksaamtrek.

(i) Op elke vergadering van die Streekbestuur moet die voorsitter, of in sy afwesigheid die ondervoorsitter, voorsit. In die afwesigheid van albei, moet die lede wat teenwoordig is 'n voorsitter uit hul eie geledere kies.

(j) ’n Kworum vir ’n Streekbestuurvergadering sal bestaan uit die helfte plus een (1) van die stemgeregtigde lede met ’n minimum van vir (4) lede.

(k) Geskilpunte wat mag ontstaan, moet deur 'n meerderheid van stemme beslis word. Ingeval daar 'n staking van stemme is, sal die voorsitter, benewens sy gewone stem, ook 'n beslissende stem hê.

(l) Die Voorsitter kan te eniger tyd 'n vergadering van die bestuur belê. Die Sekretaris moet op versoek van enige drie (3) lede van die bestuur, binne

veertien (14) dae na ontvangs van so 'n skriftelike versoek, waarin die redes vir so 'n versoek aangegee word, 'n vergadering byeenroep.

(m) Die nodige finansiële inligting soos voorgeskryf in paragraaf 2.3.3(h) moet elke jaar voor die een en dertigste (31ste) dag van Augustus aan die Nasionale Penningmeester versend word vir insluiting in die opgawes aan die Suid Afrikaanse Inkomstediens en vir konsolidasie en voorlegging aan die Kongres.

2.6.4. Algemene Jaarvergadering van streke

(a) Die Algemene Jaarvergadering van 'n streek sal op sodanige tyd en plek soos wat die Streekbestuur besluit, gehou word, op voorwaarde dat 'n Algemene Jaarvergadering nie later as die een en dertigste (31ste) dag van Augustus van elke jaar gehou word nie.

(b) Ten minste veertien (14) dae kennisgewing van so 'n vergadering, tesame met die sakelys met volle besonderhede, moet aan elke lid in die streek gegee word. 'n Vergadering of enige besluite geneem sal nie ongeldig wees indien kennisgewing per abuis nie aan 'n lid gegee is nie. ‘n Lys van die genomineerdes moet saam met sodanige kennisgewing gestuur word.

(c) Magte en pligte van die Algemene Jaarvergadering is om:

(i) die kennisgewing van byeenroeping van die vergadering te lees;

(ii) toe te sien dat die notules gehou en op die volgende vergadering goedgekeur word;

(iii) die voorsitter se jaarverslag goed te keur;

(iv) die geouditeerde finansiële verslae goed te keur;

(v) bestuurslede te verkies;

(vi) 'n persoon wat nie op die bestuur dien nie, aan te wys om die boeke van die streek na te gaan;

(d) enige ander sake af te handel.

2.6.5. Spesiale Vergadering van streke

(a) 'n Spesiale Vergadering van 'n streek kan te eniger tyd belê word na:

(i) skriftelike opdrag van die Nasionale Uitvoerende Bestuur, of Gebiedsbestuur;

(ii) besluit van 'n Streekbestuur;

(iii) skriftelike versoek van ten minste tien (10) lede wat hul verpligtinge teenoor die Assosiasie behoorlik nagekom het.

(b) 'n Behoorlike opgawe van redes waarom so 'n Spesiale Vergadering belê moet word, moet gegee word en geen ander sake mag op so 'n vergadering bespreek word nie.

(c) Ten minste veertien (14) dae kennisgewing van so 'n vergadering, asook die sake wat oorweeg moet word, moet aan elke lid gegee word.

(d) Notule moet gehou word en op die volgende Algemene Jaarvergadering van die streek goedgekeur word.

2.6.6. Kworum by Algemene Jaarvergadering en Spesiale Vergadering van streke

In die geval van 'n streek met dertig (30) en meer stemgeregtigde lede, dit wil sê mans en vrouens, sal 'n kworum bestaan uit minstens vyftien (15) van daardie lede. In alle ander gevalle sal 'n kworum bestaan uit die helfte plus een (1) van die stemgeregtigde lede. As geen kworum binne dertig (30) minute na die aanvangstyd van so 'n vergadering gevorm kan word nie, moet die vergadering vir twee (2) weke uitgestel word. Al die lede moet van die uitstel in kennis gestel word.

Op die uitgestelde vergadering sal die aanwesige lede 'n kworum vorm. As daar in die geval van 'n Spesiale Vergadering van streke, wat belê is op versoek van lede, geen kworum op die vasgestelde tyd of binne dertig (30) minute daarna gevorm kan word nie, moet so 'n vergadering afgelas word.

2.6.7. Stemming by Algemene Jaarvergadering en Spesiale Vergadering van streke

(a) Op alle vergaderings beskik elke aanwesige lid oor een (1) stem en die stem van die meerderheid sal die minderheid bind. Meerderheid beteken die helfte plus een (1) van die stemgeregtigdes wat by ’n vergadering teenwoordig is. Stemreg sal volgens paragrawe 1.1 en 1.3 van die Grondwet van Suid-Afrikaanse Woonwa-Assosiasie - Statute geskied.

(b) 'n Tweederdemeerderheid word vereis om enige besluite te herroep of te wysig, met dien verstande dat sodanige herroeping of wysigings as 'n punt op die sakelys voorkom.

(c) Besluite op 'n vergadering word geneem deur die opsteek van hande. In geval van 'n staking van stemme het die voorsitter, benewens 'n gewone stem, ook 'n beslissende stem.

(d) Nieteenstaande die bepalings van paragraaf 2.6.7(c), sal 'n geheime stemming gehou word indien minstens drie (3) van die aanwesige lede dit versoek.

(e) Verkiesing van bestuurslede mag alleen deur middel van stembriefies geskied. In die geval van 'n staking van stemme sal 'n tweede (2de) keer met stembriefies gestem word. In die geval van 'n verdere staking van stemme, sal die lot gewerp word.

(f) Minstens drie (3) stembeamptes moet deur die vergadering vir die hantering van die stembriewe aangewys word. Die aangewese persone moet sover as moontlik onafhanklik wees en verkieslik nie aan die stemproses deelneem nie.

(g) Alleen lede wat hulle verpligtinge teenoor die Assosiasie nagekom het, is geregtig om te stem.

2.6.8. Administrasie van streke

(a) Die Streekbesture moet toesien dat die boekhouding behoorlik gedoen word waarin getrou en bevredigend rekening van alle bates en laste en inkomste en uitgawes gehou word.

(b) Alle geld moet in die streek se bankrekening of in die kleinkas, soos bepaal deur die Algemene Jaarvergadering, gedeponeer of bewaar word.

(c) ‘n Rekenkundige Beampte jaarliks aan te wys om die boeke en bewysstukke van die Streek na te gaan. Geen lid van die bestuur mag as Rekenkundige Beampte aangewys word nie. Hierdie geouditeerde staat [soos neergelê in paragraaf 2.3.3 (h) (i)] moet jaarliks aan die Streekbestuur vir goedkeuring voorgelê word. Indien die pos van Rekenkundige Beampte vakant raak, sal die bestuur die reg hê om 'n plaasvervanger aan te stel en sy vergoeding te bepaal. Hy sal dan tot die volgende Algemene Jaarvergadering waarneem.

(d) Ledegeld is betaalbaar aan die Assosiasie se hoofkantoor.

(e) Geld wat ingesamel word, moet uitsluitlik tot die voordeel van die lede van daardie streek aangewend word.

(f) Die fondse van 'n streek moet deur die betrokke streek beheer word, maar by die ontbinding van enige streek, moet sy oorblywende fondse en bates na die Assosiasie oorgeplaas word.

(e) 'n Afskrif van die finansiële state moet jaarliks, onmiddellik na die Algemene Jaarvergadering van die betrokke streek, aan die Gebiedsbestuur en Nasionale Penningmeester gestuur word.

(f) Die Sekretaris van elke Streekbestuur moet afskrifte van die notules van die Bestuursvergaderings, Algemene Jaarvergadering en Spesiale Vergaderings asook die finansiële state aan die Nasionale Sekretaris en Gebiedsbestuur stuur. (2013 Kongres- notule verwys verkeerdelik na 2.5.8 (f)

(g) Betalings moet sover moontlik per tjek of elektronies gemaak word. Alle betalings moet deur enige twee (2) van vier (4) lede van die bestuur, wat kragtens besluit behoorlik daartoe gemagtig is, onderteken of goedgekeur word. 'n Streekbestuur mag egter, in geval van nood, enige ander lid benoem om enige van die voornoemde ampsdraers te vervang.

2.7 Satelliet Reëlings Komitee

2.7.1 Samestelling van die Satelliet Reëlings Komitee

(a) Satelliet Reëlings Komitees word uit nie minder nie as vyf (5) lede saamgestel ten tyde van die stigting van die Satelliet. Vir die ampte van sameroeper, sekretaris, penningmeester en twee (2) addisionele lede word kandidate aangewys uit die lede teenwoordig by die stigtingsvergadering. In die geval van afstigting van ’n Streek word twee (2) lede van die bestuur van die moederstreek gekoopteer na die Satelliet Reëlings Komitee terwyl ’n lid van die Nasionale Uitvoerende Bestuur op die Satelliet Reëlings Komitee sal dien waar daar ’n nuwe groeipunt ge-identifiseer is.

(b) Die Satelliet Reëlings Komitees het die reg om waar daar vakatures ontstaan, lede te koöpteer met volle stemreg.

2.7.2 Magte en pligte van 'n Satelliet Reëlings Komitee

(a) Elke Satelliet Reëlings Komitee mag een (1) stemgeregtigde lid uit die satelliet as afgevaardigde na die Kongres of 'n Spesiale Nasionale Vergadering aanwys. ’n Plaasvervanger moet ook aangewys word en geloofsbriewe moet opgestel word.

(b) Satelliet Reëlings Komitees dra die koste van hulle afgevaardigde na Kongresse asook Spesiale Nasionale Vergaderings.

(c) Die pligte en magte van die ampsdraers van die Satelliet Reëlings Komitee sal in soverre dit toepasbaar is, in ooreenstemming wees met die magte en pligte van die lede van die Nasionale Uitvoerende Bestuur.

(d) Alle voorgestelde wysigings van die Grondwet moet deur Satelliet Reëlings Komitees deur die moederstreek of deur die Nasionale Uitvoerende Bestuurslid by die Nasionale Uitvoerende Bestuur vir voorlegging by die volgende Kongres ingedien word soos neergelê in paragraaf 6.1.

(e) Indien enige ampsdraer wat deur die Nasionale Uitvoerende Bestuur van sy amp onthef word, sou weier of versuim om enige eiendom van die Assosiasie op versoek van die Satelliet Reëlings Komitee oor te dra, sal sy of haar lidmaatskap van die Assosiasie beëindig word. Die Nasionale Uitvoerende Bestuur kan van enige geregtelike stappe gebruik maak om te verseker dat aan hierdie bepalings voldoen word.

(f) Satelliet Reëlings Komitees moet sorg dra dat notules van hul vergaderings gehou en behoorlik goedgekeur word.

(g) Die Satelliet Reëlings Komitee moet so dikwels as nodig vergader om die sake van die Satelliet na behore te hanteer met minstens een vergadering voor of gedurende elke eie Satelliet saamtrek.

(h) Op elke vergadering van die Satelliet Reëlings Komitee moet die sameroeper voorsit. In sy afwesigheid moet die lede wat teenwoordig is 'n voorsitter uit hul eie geledere kies.

(i) ’n Kworum vir ’n Satelliet Reëlings Komitee sal bestaan uit vier (4) van die stemgeregtigde lede.

(j) Geskilpunte wat mag ontstaan, moet deur 'n meerderheid van stemme beslis word. Ingeval daar 'n staking van stemme is, sal die Sameroeper, benewens sy gewone stem, ook 'n beslissende stem hê.

(k) Die Sameroeper kan te eniger tyd 'n vergadering van die Reëlings Komitee belê. Die Sekretaris moet op versoek van enige drie (3) lede van die komitee, binne veertien (14) dae na ontvangs van so 'n skriftelike versoek, waarin die redes vir so 'n versoek aangegee word, 'n vergadering byeenroep.

(l) Die nodige finansiële inligting soos voorgeskryf in paragraaf 2.3.3(h) moet elke jaar voor die een en dertigste (31ste) dag van Augustus aan die Nasionale Penningmeester versend word vir insluiting in die opgawes aan die Suid Afrikaanse Inkomstediens en vir konsolidasie en voorlegging aan die Kongres.

2.7.3 <u>Administrasie van satelliete</u>

(a) Die Satelliet Reëlings Komitee moet toesien dat die boekhouding behoorlik gedoen word waarin getrou en bevredigend rekening van alle bates en laste en inkomste en uitgawes gehou word.

(b) Alle geld moet in die satelliet se bankrekening of in die kleinkas, gedeponeer of bewaar word.

(c) ’n Rekenkundige Beampte aanwys om die boeke en bewysstukke van die Satelliet na te gaan. Geen lid van die Reëlings Komitee mag as Rekenkundige Beampte aangewys word nie. Hierdie geouditeerde staat [soos neergelê in paragraaf 2.3.3 (h) (i)] moet jaarliks aan die Satelliet Reëlings Komitee vir goedkeuring voorgelê word. Indien die pos van Rekenkundige Beampte vakant raak, sal die komitee die reg hê om 'n plaasvervanger aan te stel en sy vergoeding te bepaal.

(d) Ledegeld is betaalbaar aan die Assosiasie se hoofkantoor.

(e) Geld wat ingesamel word, moet uitsluitlik tot die voordeel van die lede van daardie satelliet aangewend word.

(f) Die fondse van 'n satelliet moet deur die betrokke satelliet beheer word, maar by die ontbinding van enige satelliet, moet sy oorblywende fondse en bates na die Assosiasie oorgeplaas word.

(g) 'n Afskrif van die finansiële state moet jaarliks aan die Nasionale Penningmeester gestuur word.

(h) Die Sekretaris van elke Satelliet Reëlings Komitee moet afskrifte van die notules van die Komitee vergaderings aan die Nasionale Sekretaris stuur.

(i) Betalings moet sover moontlik per tjek of elektronies gemaak word. Alle betalings moet deur enige twee (2) lede van die komitee, wat kragtens besluit behoorlik daartoe gemagtig is, onderteken of goedgekeur word. 'n Satelliet Reëlings Komitee mag egter, in geval van nood, enige ander lid benoem om enige van die voornoemde ampsdraers te vervang.

3. DIE PRESIDENT

3.1. Verkiesing van die President

Die President sal jaarliks tydens die Kongres vir ‘n termyn van een (1) jaar verkies word, met dien verstande dat die genomineerde 'n lid van die Assosiasie is en nie gelyktydig 'n verkose lid van enige ander bestuur in hierdie Grondwet vermeld, is nie.

3.2. Nominasieprosedure

Nasionale Uitvoerende Bestuur, Nasionale Dagbestuur,Gebiedsbesture, Streekbesture en Satelliet Reëlings Komitees kan nominasies vir die verkiesing van 'n President vir die volgende jaar voorlê. Nominasies vir 'n President moet skriftelik wees en onderteken wees deur twee (2) lede van die betrokke bestuur/Satelliet Reëlings Komitee, asook die genomineerde, wat sodoende sy bereidwilligheid te kenne gee om, indien verkies, as President te dien. Persone wat genomineer word, moet hulle verpligtinge onder hierdie Grondwet teenoor die Assosiasie nagekom het voordat die nominasies wetlik aanvaar kan word.

3.3. Keerdatum van nominasies

Nominasievorms sal ten minste dertig (30) dae voor die keerdatum aan die gebiede, streke en satelliete beskikbaar gestel word. Die keerdatum waarop nominasies die Nasionale Sekretaris moet bereik, sal deur die Nasionale Uitvoerende Bestuur van tyd tot tyd vasgestel word en bekend gemaak word aan al die lede van die Assosiasie. Elektroniese indiening van nominasies sal ook aanvaar word mits dit voldoen aan die voorskrifte uiteengesit in paragraaf 3.2.

3.4. Pligte

Indien 'n genomineerde tot die amp van President verkies word, sal dit van hom verwag word om ander ampsverbintenisse op te sê met uitsondering van ad hoc opdragte van die Kongres, Nasionale Uitvoerende Bestuur of Nasionale Dagbestuur. Onkostes aangegaan ten opsigte van die uitvoering van sy pligte, sal deur die nasionale kas betaal word soos neergelê in paragraaf 2.3.3(o).

3.5. Vakante Amp

Indien die amp van President vakant raak, sal die Nasionale Uitvoerende Bestuur 'n President aanwys vir die tydperk tot die volgende Kongres

.

4. ADMINISTRASIE VAN DIE ASSOSIASIE

4.1. Registers

Die volgende registers moet bygehou word:

(a) Lederegister

(b) Bateregister

(c) Voorraadregister

(d) Toekenningsregister

(e) Embleemregister

4.2. Administratiewe Beampte

Die pligte van die Administratiewe Beampte behels die volgende:

(a) bywoon van die Kongres, NUB vergaderings, Nasionale Dagbestuurs-vergaderings en die Presidentesaamtrek;

(b) byhou van lederegister en aanverwante aangeleenthede;

(c) aankope van voorraad en die verspreiding daarvan;

(d) hantering van die voorraad;

(e) hantering van alle kontant;

(f) algemene kantooradministrasie en korrespondensie;

(g) sekretaris van die Toekenningskomitee;

(h) adhoc opdragte.

4.3. Finansiële Bestuur

Die Nasionale Dagbestuur moet toesien dat daar behoorlik boekgehou word, waarin getrou en bevredigend rekeninge van alle bates en laste en inkomste en uitgawes van die Assosiasie gehou word.

4.4. Bankrekening en Tekenmagte

Alle geld moet in die Assosiasie se bankrekening gedeponeer of in die kleinkas bewaar word en betalings moet sover moontlik per tjek of elektronies gemaak word. Alle betalings moet deur ten minste twee (2) van die gemagtigde persone wat kragtens besluit van die Nasionale Dagbestuur behoorlik daartoe gemagtig is, onderteken of goedgekeur word.

4.5. Oudit

Dit is die taak van die ouditeur om die boeke en bewysstukke van die Assosiasie te ouditeer en die jaarlikse finansiële state op te stel en te sertifiseer. Indien die pos van ouditeur vakant raak, sal die Nasionale Dagbestuur die reg hê om 'n plaasvervanger wat tot die volgende Kongres sal waarneem, aan te stel en sy vergoeding te bepaal. Geen lid van die Nasionale Uitvoerende Bestuur of Nasionale Dagbestuur kan as ouditeur aangewys word nie.

4.6 Kentekens

Die Nasionale Dagbestuur moet toesien dat die Assosiasie se kleure, embleme, vlae of enige ander kentekens of ontwerpe gebruik word sonder enige verwerking en ooreenkomstig die voorwaardes soos bepaal volgens paragraaf 2.3.3(g) en handleidings of Administratiewe Reëls en Aanbevelings.

5. DISSIPLINE

5.1. Reg tot Dissiplinêre Stappe

Die Kongres, Nasionale Uitvoerende Bestuur, Gebiedsbesture, Streekbesture en Satelliet Reëlings Komitees behou hulle die reg voor om dissiplinêre stappe te doen teen enige lid wat na die mening van die betrokke bestuur/komitee, of Nasionale Dagbestuur, verantwoordelik is vir enige van die volgende oortredings, hetsy regstreeks of deur enige persoon vir wie hy verantwoordelik is:

5.1.1. oortreding van enige paragraaf van die Grondwet;

5.1.2. gedrag op enige plek, met of sonder 'n woonwa of ander erkende kampeertoerusting, wat die goeie naam van die Assosiasie kan skaad of die gemak of gerief van ander lede kan benadeel;

5.1.3. werwingswerk verrig, adverteer of handeldryf anders as ten behoewe van die Assosiasie of enige aktiwiteit waarby die Assosiasie betrokke is, tensy toestemming van die Kongres, Nasionale Uitvoerende Bestuur, Nasionale Dagbestuur, Gebiedsbestuur, Streekbestuur of Satelliet Reëlings Komitee daarvoor vooraf verkry is. Aansoek om die nodige toestemming moet minstens veertien (14) dae voor sodanige aktiwiteit skriftelik deur so 'n lid verkry word.

5.2. Diskwalifikasie tot Verkiesing

Geen lid wat skuldig bevind is aan enige strafregtelike misdryf in 'n geregshof, met uitsondering van minder ernstige verkeersoortredings, sal verkies word tot enige bestuur of ampshoedanigheid soos beskryf in hierdie Grondwet nie.

5.2.1. Enige bestuurslid of ampsdraer wat gedurende sy ampstermyn hom skuldig maak aan enige van die oortredings vermeld in paragraaf 5.2 hierbo, is outomaties gediskwalifiseer en sy ampstermyn mag aldus summier deur die Nasionale Uitvoerende Bestuur beëindig word.

5.2.2. Enige bestuurslid of ampsdraer wat in 'n geregshof aangekla word van 'n misdryf soos beskryf in paragraaf 5.2 hierbo, se ampstermyn mag deur die Nasionale Uitvoerende Bestuur opgeskort word, hangende die uitspraak van die hof.

In die geval van sy skuldigbevinding, sal die bepaling van paragraaf 5.2.1 hierbo van toepassing wees.

In die geval van sy onskuldigbevinding, moet sodanige bestuurslid of ampsdraer Nasionale Uitvoerende Bestuur daarvan in kennis stel sodat die opskorting van sy ampstermyn opgehef kan word.

5.2.3. ‘n Lid wat deur hierdie paragraaf gediskwalifiseer word om op 'n bestuur of in 'n ampshoedanigheid te dien, kan opskorting van hierdie diskwalifikasie verkry nadat die lid die straf wat die hof aan hom opgelê het, uitgedien het ten opsigte van die oortreding in paragraaf 5.2 genoem. Aansoek vir hierdie opskorting moet by die Nasionale Uitvoerende Bestuur gedoen word.

5.3. Dissiplinêre Stappe

Besture mag die volgende dissiplinêre stappe doen teen lede wat skuldig bevind is aan oortreding van die Grondwet :

(a) ernstige waarskuwing;

(b) beëindiging van lidmaatskap van die Assosiasie, nadat daar ‘n dissiplinêre verhoor teen sodanige lid gehou is en die lid by die dissiplinêre verhoor skuldig bevind word aan die oortreding ;

met dien verstande dat wanneer 'n bestuur 'n lid se lidmaatskap beëindig , daardie optrede vir kennisname aan die betrokke daaropvolgende bestuursvlak deurgegee word.

5.4. Reg tot Appèl

Enige lid teen wie dissiplinêr opgetree is, het die reg om binne veertien (14) dae na skuldigbevinding appèl aan te teken by die volgende bestuursvlak.

Die Kongres se beslissing is finaal en bindend.

6. ALGEMEEN

6.1. Grondwetwysigings

Wysigings van hierdie Grondwet kan op 'n Kongres of Spesiale Nasionale Vergadering aangebring word, mits daar sestig (60) dae voor die aanvang van sodanige vergadering skriftelik kennis van die voorgestelde wysigings aan die Nasionale Sekretaris gegee is, sodat dit ingesluit kan word in die kennisgewing van die vergadering, op voorwaarde dat sodanige voorgestelde wysigings op die sakelys van sodanige vergadering moet verskyn.

‘n Verdere voorwaarde is dat sodanige wysigings nie gemaak sal word nie tensy dit deur 'n tweederdemeerderheid van die lede teenwoordig en wat gestem het op 'n behoorlike gekonstitueerde Kongres of Spesiale Nasionale Vergadering, aanvaar is.

6.2. Afskrifte van Grondwet

Elke nuwe lid sal 'n afskrif van die Erekode ontvang en sal in alle opsigte daaraan asook aan die Grondwet van die Suid-Afrikaanse Woonwa-Assosiasie gebonde wees. Die mees onlangse opgedateerde Grondwet is ten alle tye by Hoofkantoor, Gebieds-, Streekbesture of Satelliet Reëlings Komitees asook op die SAWA webwerf beskikbaar. (2013 Kongres)

6.3. Woordomskrywing

Alle woorde en uitdrukkings wat in hierdie Grondwet dui op die manlike geslag, sluit ook die vroulike geslag in, en woorde wat die enkelvoud omskryf, sluit ook die meervoud in.

6.4. Vrywaring van Bestuurslede

'n Lid van enige bestuur of komitee word deur die Assosiasie gevrywaar teen alle vervolging, onkoste en uitgawes wat mag voortspruit uit enige eise teenoor die Assosiasie of enige van sy besture, indien dit nie die gevolg is van persoonlike nalatigheid, oneerlikheid of bedrog nie.

6.5. Finansiële Jaareinde

Die boekjaar van die Assosiasie strek vanaf die eerste (1ste) dag van Julie tot die dertigste (30ste) dag van Junie van die daaropvolgende kalenderjaar.

6.6. Ledebelange

Geen lid sal enige reg of aanspraak of belang in enige eiendom of fondse van die Assosiasie hê nie. Die inkomste en eiendom van die Assosiasie sal uitsluitlik gebruik word vir die bevordering van die doelstellings van die Assosiasie en geen deel daarvan kan oorgeplaas word aan enige lid van die Assosiasie nie, met die uitsondering dat niks hierin vervat, sal verhinder dat 'n betaling te goeder trou aan 'n lid gemaak word wat uitgawes in belang van die Assosiasie aangegaan het of dat 'n honorarium aan 'n onbesoldigde lid van die Assosiasie betaal kan word nie.

6.7. Bedryfsgebied

Die bedryfsgebied van die Assosiasie sal die grense van die Republiek van Suid-Afrika wees.

6.8. Toevoegings tot Grondwet

Handleidings en Administratiewe Reëls en Aanbevelings wat deur die Nasionale Uitvoerende Bestuur saamgestel word, moet saam met die Grondwet gelees word en vorm 'n integrale deel daarvan.

Kongres 07 September 2019